# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 9 OKTOBER 2024, EN MOOT SELGROEP, DONDERDAG, 21 MEI 2026

## OPENBARING 21-22

### Terugblik op Openbaring 19-20

Johannes sien die wederkoms van Jesus Christus plaasvind en hoe die nasies wat teen Israel opgestaan het, verslaan word. In die proses word die dier (die Antichris) en die valse profeet gevange geneem en in die poel van vuur gewerp. Hierna word die duiwel vir een duisend jaar gevange gehou terwyl die millennium, die regering van Jesus Christus, op aarde afspeel. Die duiwel word aan die einde van die millennium ‘n laaste keer toegelaat om die nasies te mislei voordat hy ook in die poel van vuur gewerp word waar die dier en die valse profeet is. Die laaste groot gebeurtenis is die groot wit troon oordeel waar al die ongelowiges van alle tye geoordeel word. Daar bly dus nou net gelowiges oor. Wat gebeur nou?

### Openbaring 21

In die laaste twee hoofstukke sien Johannes ‘n nuwe hemel, ‘n nuwe aarde, en die heilige stad Jerusalem. Dit is ‘n plek en toestand sonder sonde. Let daarop dat hierdie nie ‘n visioen is nie, maar hy sien fisies dit wat nuut gemaak word. Johannes het alreeds in die verlede gesien wat nog in die toekoms moet gebeur. Jesus het in Matthéüs 24:35 genoem dat die (ou) hemel en die aarde verby sal gaan maar dat sy woorde vas sal staan. Dit het nou gebeur. God vestig nou ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde en niemand verlang terug na die ou bestel nie. Jesaja het lank reeds terug hieroor geskryf. Sien Jes 65:17-20. Petrus verwys daarna in 2 Pet 3:10-13 maar net hy verwys na die verbranding van die elemente. Die vraag is wat met mense gebeur in die periode nadat die voormalige aarde vernietig word en die nuwe aarde gevestig word. Ek dink nie dit is vir ons nodig om hierdie aspek te probeer beredeneer nie. God hou die skepping in sy hande en ek is oortuig daarvan dat Hy in beheer van dinge is.

Een van die engele van Openbaring 15:1 ev. roep Johannes om hom die vrou van die Lam te toon, die Kerk. Johannes sien die groot stad, Jerusalem, wat uit die hemel neerdaal en dit is asemrowend. Hy sien die mure en poorte, asook die fondamente. Die stad is vierkantig, en dit het nie die son of die maan nodig om lig te verskaf nie. Die fondamente is van verskillende edelgesteentes gemaak, baie van wat ons nie vandag kan identifiseer nie. Dit is belangrik om te let dat daar geen tempel is nie. Die rede hiervoor is omdat God self die tempel is en ons nie meer nodig het om na ‘n tempel te gaan om God te ervaar nie. Daar is geen misdaad nie en dus word die poorte nie gesluit nie. Meeste van dit wat ons in hierdie hoofstuk lees, is vir ons te wonderbaar om te verstaan.

Kyk na die getalle wat genoem word. Daar is baie meer aan as wat ons aanvanklik dink. Ons lees in vers 12 van die twaalf poorte. Twaalf is ‘n voorbeeld van volledigheid, soos die ure in jou dag. Die twaalf stamme van Israel verteenwoordig die ou verbond, die Ou Testament, of die wet.

Drie verteenwoordig God se volledigheid – Vader, Seun, en Heilige Gees.

Die twaalf fondamente bevat die name van die twaalf apostels. Hulle verteenwoordig die Nuwe Testament of genade dispensasie.

Ons sien dus hier ‘n volledige beeld van die Ou Testament, Nuwe Testament, en God se teenwoordigheid in sy volle glorie.

Die stad is enorm! Ons lees dat die engel Johannes vra om die lengte en breedte te bepaal. Een duisend vyfhonderd myl is ongeveer 2400 kilometer. Let daarop dat die lengte en breedte dieselfde is (vers 16).

Daar is nie meer ‘n tempel nie. Die tabernakel, en later die tempel, was waarheen die mens moes gaan om met God te ontmoet, meesal deur die hoëpriester. Jesus Christus is die hoëpriester en Hy is by ons.

Niks wat onrein is, kom in hierdie stad nie. Hulle is alreeds in die poel van vuur. Sien Openbaring 20:15.

Die tabernakel van God (Exodus 25 en verder) is Jesus Christus en Hy is nou by die mense, en Hy woon by hulle. Sien Psalm 37:22 en 29. Hy is teenwoordig soos ons dit nog nooit voorheen ervaar het nie maar soos dit in die tuin van Eden moes gewees het. Daar sal geen droefheid meer wees nie, omdat die eerste dinge, ‘n aardse bestaan wat met sonde gevul was en dit wat ons onthou het en ervaar het, nie meer deel is van die huidige menslike bewustelike nie.

God maak alles nuut en Johannes word gevra om hierdie dinge neer te skryf, omdat dit alles waar is. Die ou dinge is verby. Die Griekse woord vir “verby” hier is gegonan (Γέγοναν) en dit beteken dat alles wat belowe was, waar geword het. Jesus is die begin en einde van alles. In Hom erf ons alles. In jou toestand met ‘n verheerlikte liggaam en tyd wat nie meer bestaan nie, word jy nie meer siek nie en daar is ook geen degenerasie nie. Hoe oud ons gaan wees word nie genoem nie, maar tydloosheid kan nie gemeet word nie. Daarteenoor is die ongelowiges se lot die tweede dood. Hulle voer egter ook ‘n tydlose bestaan. Sien Openbaring 20:15.

Kyk mooi na die woord “oorwin” in vers 7. Hy wie oorwin, erf alles. Hierdie boodskap is aan die sewe gemeentes gegee. Sien Openbaring 2:7; 2:11; 2:17; 2:26; 3:5; 3:12; en 3:21. Daarteenoor (“maar” in vers 8) is die uiteinde van die ongelowiges die tweede dood.

**Openbaring 22**

Die engel wys vir Johannes ‘n rivier van die “water van die lewe”, as iets wat gladnie op aarde moontlik is nie. Die frase “water van die lewe” word nêrens anders in die Woord genoem nie. Dit vloei uit van die troon af. Dan sien hy die boom van die lewe wat aan beide kante van die rivier groei. Dit wil voorkom asof die boom so groot is dat die takke aan beide kante van die rivier oorhang. Hierdie boom lewer gereeld vrugte (12 maande van die jaar – volledig en permanent), en sy blare genees die nasies. Sien ook Génesis 2:9 waar die boom van die lewe die eerste keer beskryf word. Uit die aard van die saak is diegene in die stad nie blootgestel aan siektes nie. Daar is nie meer enige vervloeking nie (Sien Gen 3:17) omdat Jesus Christus die sonde oorwin het (Gal 3:13) en daar sal ook nie meer nag wees nie. Ons sien sy aangesig (Sien 1 Kor 13:12). Die gelowiges regeer tot in alle ewigheid.

Waar die valse profeet veroorsaak het dat mense ‘n merk op hulle voorhoofde neem, as teken van hulle alliansie met die Antichris (Openbaring 13:16), het die gelowiges ook ‘n merk op die voorhoof – sy Naam – Jesus Christus.

Die engel sê vir Johannes dat alles wat hy hom getoon het, betroubaar is. Dan praat Jesus en gee 'n kort en kragtige waarskuwing – **Kyk, Ek kom gou** (skielik, eerder as vinnig). Dit moet die waarskuwing vir ons wees om aan te hou te midde van die aanslae wat ons elke dag in hierdie lewe ervaar. Hierdie dinge is net tydelik. Dit word egter vervang met 'n ewige heerlikheid vir diegene wie oorwin.

Hierdie waarskuwing is tweeledig – dit is eerstens vir my en jou as gelowiges om ons te maan om gereed te wees vir sy Koms (die wegraping) tot beloning en sy Wederkoms (Openbaring 20:11) om die nasies te oordeel en te verslaan. Hierdie is nie net 'n waarskuwing nie; dit is 'n belofte.

Waar die engel vir Daniël gesê het om die woorde van die boek te beseël, in Daniël 12:9, is die opdrag nou dat die woorde nie verseël moet word nie omdat die tyd vinnig uitloop en nog mense meer as ooit die boodskap van redding moet hoor. Jesus herhaal sy waarskuwing in vers 12: **En kyk, Ek kom gou**. Dit is 'n belofte. Jesus stel dit duidelik: **Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste**. Daar is geen ander redder nie. Hy bevestig dat Hy sy engel gestuur het om die toekoms aan die gemeentes te betuig, daardie sewe gemeentes waarvan ons in Openbaring 2 en 3 lees.

Daar is 'n sterk kontras. Salig is die wie **ingaan** in die poorte van die stad in ingesluit is; teenoor **buite**, waar die ongelowiges is, die wie uitgesluit is.

Hy beskryf Homself weer as die môrester, soos in Openbaring 2:28. Die uitnodiging van Jesaja 55:1 geld steeds; en dit is bevestig in Johannes 4:10 en 14: Kom kry by My lewende water. Die laaste waarskuwing word gerig aan almal wie skepties teenoor die Woord van God is. Jy voeg nie by dit wat die boek sê nie, en jy laat nie aspekte uit omdat die boek nie jou gebrekkige verstaan van God se almag akkommodeer nie. Meer mense, veral die wie die Woord verkondig, moet op verse 18 en 19 ag slaan.

### Die finale belofte

Jesus sê vir 'n derde keer dat Hy gou terugkom: **Ja, Ek kom gou**. Die fokus is nie op die tyd (wanneer) van sy koms nie, maar hoe (wyse) sy koms gaan plaasvind. Hy is nie hier op die oomblik nie, en waarvoor kom Hy terug? Gaan lees weer Johannes 14. Hy gaan weg om vir ons plek te berei (vers 2) en wanneer Hy klaar is, kom Hy weer terug om ons na Hom toe te neem sodat ons kan wees waar Hy is (vers 3). Hy noem dat ons weet waarheen Hy gaan, en ons ken die manier om daar uit te kom. Hy antwoord vir Thomas: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur my nie**. – **Johannes 14:6**

### Opsomming

Fokus op Jesus Christus en sy Woord, nie die leringe van mense nie, en jy sal ook kan uitroep "Amen, ja kom, Here Jesus". Johannes eindig die boek Openbaring, en by implikasie die hele Woord van God, op dieselfde manier as wat Paulus se laaste skrywe aan 'n mens was (2 Timótheüs 4:22). God se genade in sy Seun, Jesus Christus, is met ons almal. Tot aan die einde is Openbaring 'n boek van hoop, eers vir die sewe gemeentes, dan vir die mensdom gedurende die verdrukking, dan vir diegene wie die verdrukking oorleef en die millennium ingaan, en daarna vir diegene soos ek en jy wie leef in die hoop op 'n ewige lewe saam met Jesus Christus.